*Onafhanklike, Afrikaanse inhoud in elke huis.*

# Nuusweek

Pretoria FM

Laai af en deel op al jou WhatsApp-groepe

Nommer 77, Jaargang 2 31 Julie 2026 www.pretoriafm.co.za





# RYBEWYSE NOU 10 JAAR GELDIG


Die val van Andrea Johnson 03

Mettler-uitspraak vandag 04

Gautengse skole: Wink registrasieramp? 06

Lamb Champs gaan blêreldwyd 08



THERON'S

DIS BOEREWORS BONANZA TYD by DIE-WIP-IN-JOU-WORS MENSE

HOERA! DIS THERON`S BOEREWORS BONANZA TYD! Kom loer gerus in!







R280.00 per 4kg THERON`S BEROEMDE BOEREWORS

**Betaal slegs R70.00 per kg** vir **Theron`s** se **BEROEMDE BOEREWORS!** VARS VERVAARDIG, LOS VERPAK. (Prys slegs geldig op 4kg verpakkings.) **INSTAP BOEREWORS BONANZA 31 JULIE & 1 AUGUSTUS 2026!** Vrydag 07h00 tot 17h00 Saterdag 08h00 tot 13h00 **185 Charlotte Maxeke Straat Pretoria Wes WHATSAPP +27760770437**

# Bestuurslisensies nou 10 jaar geldig

*Walter Ernst en James Kemp*

Suid-Afrikaanse rybewyse sal voortaan vir tien jaar geldig wees. Die kabinet het die groen lig gegee vir dié verlenging van die geldigheid van rybewyse van vyf tot tien jaar.

Volgens die minister in die Presidensie, Khumbudzo Ntshavheni, sal die wysiging vir ligte voertuie en motorfietse, insluitend kodes A, A1, B en EB, geld.

Swaar kommersiële voertuie en voertuie wat vir openbare vervoer gebruik word, sal steeds onderhewig wees aan hernuwingstydperke wat wissel tussen twee en vyf jaar.


Die geldigheidstydperk is twee jaar langer as die agt jaar wat voorheen deur die Departement van Vervoer voorgestel is.

Ntshavheni sê dat hierdie besluit die gevolg is van voortslepende probleme met die land se enigste lisensiedrukker volg. Die drukker het herhaaldelik ingegee en groot agterstande meegebring. Dié besluit belyn Suid-Afrika se lisensiëring met internasionale konvensies en sal druk op die stelsel verlig en vir motoriste tyd en geld spaar.

Ntshavheni sê egter dat die besluit wetswysigings vereis alvorens dit in werking kan tree. Motoriste word daaraan herinner om steeds hul lisensies wat verval, te hernu.

Die Organisasie teen Belastingmisbruik, OUTA, wat reeds tydens die lisensiekrisis te midde van inperkingsregulasies in 2020 vir 'n verlenging gevra het, sê die aankondiging kom byna ses jaar te laat, maar is steeds 'n oorwinning vir motoriste en vir gesonde verstand. OUTA se uitvoerende hoof, Wayne Duvenage, sê die regering het eindelik aanvaar dat die ondoeltreffende hernuwingstelsel wat motoriste elke vyf jaar dwing om in 'n ry te gaan staan, tyd en geld mors sonder dat dit ons paaie veiliger maak.


Wayne Duvenage


Louis Boshoff

"OUTA het die geldigheidstydperke van bestuurslisensies in 35 lande oor ses streke nagevors en 'n gemiddelde geldigheidsperiode van 8,5 jaar gevind, met periodes wat van drie tot 20 jaar wissel. In Junie 2021 het ons ook 3 685 motoriste oor hul ervarings met die hernuwingstelsel ondervra: 65% het frustrasie met die ondoeltreffende aanlyn besprekings gerapporteer, 60% het gekla oor lang rye, ongeveer 45% het na onbehulpsame personeel verwys en meer as 10% het gesê hulle het omkopery waargeneem."

OUTA doen 'n beroep op die departement om die vereiste wysigings sonder onnodige vertraging deur te voer, 'n duidelike implementeringstydlyn te publiseer en die oorgangsreëlings te verduidelik. Hierdie duidelikheid is noodsaaklik om verwarring te voorkom en te verseker dat motoriste nie per abuis in 'n situasie beland waar hul huidige kaarte verval nie.

Louis Boshoff, woordvoerder van Afri-Forum, sê hulle verwelkom die besluit en beklemtoon dat bewusmaking en openbare druk vrugte afgewerp het.

"AfriForum het op 14 Maart vanjaar 'n antwoord van die minister van Vervoer, Barbara Creecy, ontvang waarin sy bevestig het dat hulle werk aan die verlenging van die geldigheidstydperk van die lisensies."

Boshoff sê dit is ook goeie nuus dat die kabinet besluit het om dit eerder na tien jaar te verleng was die agt jaar wat oorspronklik oorweeg is. **N**

# Nuwe voorsitter en raad vir die OBK aangestel

*Walter Ernst*

Die kabinet het 'n nuwe raad vir die Openbare Beleggingskorporasie (OBK) aangewys, met die adjunkminister van Beplanning, Monitering en Evaluering, Seiso Mohai, as die nuwe voorsitter. Die minister in die Presidensie, Khumbudzo Ntshavheni, het dié aankondiging Donderdag in Pretoria gemaak.

Sewe nuwe nie-uitvoerende direksielede is ook aangestel om beheer en goeie korporatiewe bestuur by die staatsbeheerde batebestuurder te herstel. Mohai betree die nuwe pos nadat die adjunkminister van Finansies, dr. David Masondo bedank het. Masondo se bedanking het gevolg op die voorlopige skorsing van die uitvoerende hoof van die OBK, Patrick Dlamini.

Dié staatsbeheerde batebestuurder is aan stuur van R3 miljard, wat die aftreegeld van staatsamptenare in die Staatspensioenfonds, asook die Werkloosheidsversekeringsfonds en die Vergoedingsfonds insluit. **N**


Seiso Mohai



# So kom kampvegter teen korrupsie tot ’n val

*Seugnet van Zyl*

Dr. Lewelyn Curlewis, strafregkenner, sê hy sal nie verbaas wees nie as adv. Andrea Johnson, voormalige hoof van die Ondersoekdirektoraat teen Korrupsie (Idac), minstens tereg sal staan op meineed omdat haar getuienis onder eed voor die Madlanga-kommissie (wat misdadigheid, politieke inmenging en korrupsie ondersoek) wesenlik verskil het van die bevindinge van die parlementêre ad hoc-komitee wat bewerings van polisiekorrupsie ondersoek.

“Wanneer jy leuens onder eed vertel, kan jy van meineed aangekla word. Jy kan nie onder eed aan die een kant een ding sê en aan die ander kant iets anders sê nie. Dit is doodeenvoudig leuenagtige getuienis.”

Johnson het die afgelope week ’n skrywe aan president Cyril Ramaphosa en adv. Andy Mothibi, nasionale direkteur van Openbare Vervolgings, gerig waarin sy vra om binne 24 uur van haar pligte onthef te word. Ramaphosa het Johnson se bedanking onmiddellik aanvaar.

Sy het in die brief aangevoer dat dit ’n uitdagende vyf maande was waarin sy in haar persoonlike en beroepslewe ongekende aanvalle moes verduur. Luidens die brief sê Johnson dit is vir haar ’n moeilike versoek om te rig, gegewe haar “absolute liefde en toewyding” aan die pos.

Johnson het verlede week ’n uitdagende paar dae voor die Madlanga-kommissie gehad. Idac is deur lt.genl. Nhlanhla Mkhwanazi, polisiekommissaris in KwaZulu-Natal, daarvan beskuldig dat dié waghond inmeng by misdaadintelligensie se mensehulpbronaangeleenthede. Johnson moes Idac se hantering van sake by die kommissie verdedig het.

Dit sluit onder meer in die klag van korrupsie en bedrog teen lt.genl. Dumisani Khumalo, hoof van Misdaadintelligensie. Khumalo is deur Idac in hegtenis geneem vir die aanstelling van Dineo Mokwele, wat van buite die polisie gewerf en as brigadier aangestel is. Oudregter Mbuyiseli Madlanga, voorsitter van die kommissie, het Johnson se regskennis, wat oor drie dekades strek, bevraagteken na aanleiding van haar hantering van hierdie saak.

Curlewis sê die publiek is teleurgestel oor die verloop van haar getuienis by die Madlanga-kommissie.

“Ek wonder wat met daardie formidabele staatsaanklaer gebeur het wat by hoëprofielsake betrokke was en eens gelyk het of sy Idac kan regruk. Sy wou selfs die ou Skerpioene laat herleef. Daar is van haar niks oor nie!”

Volgens Curlewis bly enige strafregtelike of siviel-regtelike aanspreeklikheid teen Johnson steeds van krag.

“Die feit dat sy bedank het, beteken nie dat die saak in die niet gaan verdwyn nie. Sou sy haar skuldig gemaak het aan enige statutêre of gemeenregtelike misdaad, kan sy daarvoor gearresteer word en in ’n hof van haar optrede moet rekenskap gee. As enigiemand kan bewys sy was direk of indirek verantwoordelik vir skade wat hulle gely het, kan sy as respondent of verweerder by ’n siviele eis gevoeg word. Indien iemand onnodig of onregmatig aangekla is, kan dié haar dagvaar.”

Die Regspraktisynsraad (LPC) sal waarskynlik ook Johnson se geskiktheid en gepastheid as advokaat in die afsienbare toekoms moet oorweeg. **N**

## Wie is adv. Andrea Johnson?

Andrea Johnson het vir byna drie dekades in die Nasionale Vervolgingsgesag (NVG) gedien. Vroeg in haar loopbaan, in 1999, het sy deel van die elite-eenheid, die Skerpioene, gevorm.

Sy het as ’n noukeurige en formidabele aanklaer bekend gestaan en het in 2010 as staatsaanklaer gehelp om die voormalige nasionale polisiekommissaris, Jackie Selebi, aan korrupsie en bedrog skuldig te laat vind. Johnson het ook ’n sleutelrol gespeel in die Skerpioene se ondersoek na en vervolging van Brett Kebble. Tussen 2013 en 2014 het sy adv. Gerrie Nel bygestaan in die vervolging van die paralimpiese atleet Oscar Pistorius.

Johnson is in Februarie 2022 deur pres. Cyril Ramaphosa as die hoof van die NVG se ondersoekdirektoraat teen korrupsie (later Idac) aangestel om hoëvlakkorrupsie en ernstige ekonomiese misdade te ondersoek.

# Mettler-saak: Uitspraak vandag

*Redaksie*

Die Hooggeregshof in Pretoria sal vandag uitspraak lewer oor die skorsing van Johann Mettler, stadsbestuurder van die Tshwane-metro.

Solidariteit het tydens die afgelope week se hofverrigtinge aangevoer dat die besluit om Mettler te skors op verskeie gronde onwettig is.

Volgens Solidariteit is die stadsraad se besluit eerstens gebrekkig omdat sekere raadslede se stemme oor Mettler se skorsing onregmatig buite rekening gelaat is. Dit is gedoen ondanks die feit dat daar geen wet of munisipale bepaling bestaan wat die speaker, rdl. Mncedi Ndzwanana, die bevoegdheid gee om hulle van hul stemreg te ontneem nie.


Johann Mettler

Volgens Anton van der Bijl, hoof van Solidariteit se regsafdeling, het Solidariteit se regspan in die hof beklemtoon dat stemreg in 'n munisipale raad slegs beperk kan word indien die wet dit uitdruklik toelaat.

"Solidariteit het verder aangevoer dat die stadsraad nie aan die wetlike vereistes vir 'n voorsorgskorsing voldoen het nie. Volgens die toepaslike regulasies moet 'n raad oor konkrete redes beskik waarom 'n senior bestuurder se voortgesette teenwoordigheid 'n ondersoek, die munisipaliteit, persone of eiendom in gevaar kan stel. In Mettler se geval is geen feitelike gronde verstrek nie en is bloot die bewoording van die regulasies herhaal."

Solidariteit voer aan dat só 'n benadering 'n werknemer van die geleentheid ontneem om sinvolle vertoë te rig voordat 'n skorsing opgelê word.

Solidariteit se regspan het in sy betoog ook aangevoer dat die besluit strydig is met die beginsel van wettigheid en nie aan die vereistes vir die uitoefening van openbare mag voldoen nie.

Volgens Van der Bijl is Solidariteit se standpunt dat die besluit nie rasioneel of regmatig geneem is nie en daarom tersyde gestel behoort te word.

"Solidariteit het die hof daarom versoek om Mettler hangende die finale hersiening in sy pos te herstel. Enige latere uitspraak sal min waarde hê indien die dissiplinêre proses reeds afgehandel is, terwyl die onherstelbare skade aan sy reputasie en die munisipaliteit se bestuur intussen reeds veroorsaak is."

Die DA se hofaansoek oor Mettler se skorsing en die besluit om die bewerings teen die groephoof- finansiële beampte van die Tshwane-metroraad, Gareth Mnisi, as "minder ernstig" te beskou, is in dieselfde hof aangehoor. Die DA sê in 'n verklaring dat indien die ANC-geleide koalisie toegelaat word om Mettler uit sy amp te verwyder terwyl Mnisi 'n "sagte landing" kry, sal dit nie net belastingbetalers se geld in gevaar stel nie, maar ook openbare vertroue in die instellings van plaaslike regering verder ondermyn. **N**



# DA: Hoekom is Hoof van Leër in Rusland?

*Redaksie:*

Die DA het die Minister van Verdediging en Militêre Veterane gevra om te verduidelik waarom die Hoof van die Suid-Afrikaanse Leër, Luitenant-generaal Lawrence Mbatha, die afgelope week 'n amptelike besoek aan Moskou gebring het.

Volgens 'n verklaring wat deur die SANDF uitgereik is, is die besoek onderneem om "bilaterale verdedigingsamewerking te versterk", "nouer samewerking te bevorder" tussen die Suid-Afrikaanse Leër en die Russiese Grondmagte, en samewerking uit te brei ten opsigte van opleiding, leierskapsontwikkeling, professionele militêre onderwys en die uitruil van militêre kundigheid.

Die amptelike program het hoëvlakgesprekke met senior leiers van die Russiese Leër, 'n besoek aan die Moskou Gekombineerde Wapenskool, en 'n kransleggingseremonie by die Graf van die Onbekende Soldaat ingesluit.

Chris Hattingh, die DA se woordvoerder oor Verdediging en Militêre Veterane sê in 'n verklaring dit kan nie sommer net weggepraat word as gewone diplomasie tussen weermagte of normale internasionale militêre betrekkinge nie.

"In die konteks van Rusland se voortgesette aggressie en oorlog teen Oekraïne kom 'n amptelike besoek wat daarop gemik is om militêre samewerking met die Russiese gewapende magte te versterk, neer op 'n goedkeuring van Rusland se militêre veldtog."

Hattingh sê dit weerspreek direk die Regering se herhaalde aansprake dat Suid-Afrika 'n beleid van geen alliansies in die konflik handhaaf.

"'n Land kan nie geloofwaardig beweer dat dit neutraal is terwyl dit openlik militêre bande met een van die strydende partye versterk nie. Suid-Afrika het ook probeer om homself as 'n potensiële bemiddelaar in die Rusland-Oekraïne-konflik te posisioneer. Daardie posisie is nou toenemend onhoudbaar." **N**



*Luitenant-generaal Lawrence Mbatha arriveer in Moskou, waar hy formeel verwelkom word deur die Adjunk-opperbevelhebber van die Grondmagte van die Gewapende Magte van die Russiese Federasie, Luitenant-generaal Alexander Anatolyevich Matovnikov. [Foto: SA Leër]*




# Laaste registrasienaweek breek aan

*Redaksie*

Stemgeregtigdes het hierdie naweek 'n laaste geleentheid om by hulle onderskeie stempunte te registreer voor die plaaslikeregeringsverkiesing op 4 November plaasvind. Kiesers en voornemende kiesers kan egter ook van die Onafhanklike Verkiesingskommissie se webblad by elections.org.za gebruik maak om te registreer, seker te maak waar hulle moet gaan stem en hulle stempunte te wysig.

Met die vorige registrasienaweek in Junie is 2,9 miljoen registrasies verwerk.

Op 1 en 2 Augustus sal stemlokale van 08:00 tot 17:00 oop wees. Kiesers kan 'n ID (slimkaart, groen strepieskode-ID-boek of tydelike sertifikaat) saambring om te registreer, hul status te bevestig of hul adres te wysig. Kiesers kan slegs by die stemstasie in hul stemdistrik stem.

Dit is belangrik dat kiesers vroegtydig hiervan werk maak, want sodra die minister van Samewerkende Regering en Tradisionele Sake die verkiesingsdatum amptelik in die Staatskoerant proklameer, sal die kieserslys gesluit wees en geen nuwe registrasies of wysigings is daarna moontlik nie. **N**

# Plasingsramp wag dalk op Gautengse skole

*Redaksie*

Die Gautengse Departement van Onderwys sê aanlyn aansoeke vir graad 1 en graad 8 vir die 2027-skooljaar open op 5 Augustus en sluit 'n maand later.

Ouers van graad R-leerlinge moet hul kinders aanlyn vir graad 1 inskryf, terwyl aansoeke vir graad 2 tot 7 en graad 9 tot 12 steeds direk by skole ingedien moet word.

Die LUR vir Onderwys in Gauteng, Lebogang Maile, sê die aanlyn stelsel help die departement om beter te beplan vir onderwysers, klaskamers, leerlingvervoer, voedingskemas en infrastruktuur.

Gauteng het meer as 2,4 miljoen leerlinge in 2 111 openbare skole.

Intussen het AfriForum 'n beroep op ouers gedoen wat hul kinders in Gautengse skole wil inskryf, om gereed te maak vir die aanlyn registrasieproses.

Carien Bloem, hoof van Onderwysprojekte by AfriForum, waarsku dat 'n plasingsramp dalk, soos vorige jare, op 2027 se graad 1- en 8-leerlinge in die provinsie wag.

"Die aanlyn registrasieplatform open vanjaar weer baie laat, en met meer as 400 000 leerlinge wat binne slegs vier weke geplaas moet word voor die einde van die 2026-skooljaar én die stelsel se powere prestasierekord, moet ouers gereedmaak vir 'n uitdagende registrasieproses."

Bloem sê die plasing van graad 1- en 8-leerlinge vir die 2026-skooljaar in die provinsie was 'n katastrofe en die stelsel kon nie daarin slaag om die groot

*Na bladsy 7*



## Plasingsramp wag dalk op Gautengse skole (vervolg)

*Van blasy 6*

volume plasings binne die beperkte tyd suksesvol af te handel nie. Volgens Bloem word die probleem vererger deur die stygende getal leerlinge tesame met die ontoereikende getal skole in die provinsie.

"Ouers moet hulle daarom voorberei op 'n moontlike plasingstryd."

Om potensiële probleme die hoof te bied, moedig Bloem ouers aan om die leerlingregistrasie so gou as moontlik volledig af te handel en alle vereiste dokumentasie binne drie dae by hul voorkeurskole in te dien.

Sy beveel ouers ook aan om slegs by een – of hoogstens twee – voorkeurskole aansoek te doen, aangesien onnodige veelvuldige aansoeke kapasiteitsbeplanning bemoeilik en die finale plasing van leerlinge vertraag. Daarbenewens moedig sy ouers aan om skermskote van die hele registrasieproses te maak en die skermskote en registrasienommer veilig te bewaar. Aangesien ouers via SMS van die plasing verwittig gaan word, herinner sy ouers om ook te verseker dat 'n werkende selfoonnommer by die registrasie van kontakbesonderhede gebruik word. **N**

# Tsjad gaan onttrek uit Internasionale Strafhof

***Redaksie***

Tsjad het die afgelope week aangekondig dat dié Afrikaland sy verbintenis met die Internasionale Strafhof (ISH) gaan beëindig. Tsjad se departement van Buitelandse Sake het die sekretaris-generaal van die Verenigde Nasies in kennis gestel van sy voorneme om aan die Rome-statuut, die grondslag van die hof, te onttrek.


Die regering sê die besluit volg op 'n deeglike hersiening van die hof se funksionering sedert 2002. Volgens Tsjad is die ISH se doeltreffendheid "beperk en ongelyk" en fokus dit disproporsioneel op Afrika. Van die 13 ondersoeke wat die hof tot dusver geopen het, is nege op Afrikastate gemik, terwyl slegs vier in ander streke geopen is "sonder konkrete vordering". Van die sewe mense wat tans in ISH-aanhouding is, word ses met Afrikasake verbind.

Tsjad beklemtoon dat die onttrekking nie beteken dat die land geen verdere verantwoordelikheid neem om ernstige misdaad te vervolg nie, maar eerder nasionale howe en meganismes in Afrika wil versterk om dit te doen. Die onttrekking tree eers oor 'n jaar in werking, soos die Rome-statuut vereis.

Die stap volg op soortgelyke aankondigings deur Burkina Faso, Mali, Niger en Venezuela.

Intussen het twee Ghanese burgers vroeër die maand 'n petisie by die ISH ingedien waarin hulle die hof vra om xenofobiese geweld in Suid-Afrika te ondersoek. Hulle argumenteer dat herhaalde aanvalle op buitelandse burgers as misdaad teen die mensdom geïnterpreteer kan word.

Die petisie is ingedien deur Palgrave Boakye-Danquah, 'n voormalige Ghanese regeringswoordvoerder, en Emmanuel Kotin, 'n sekuriteitsontleder. Dit is 'n private inisiatief en word nie deur die Ghanese regering gesteun nie. Boakye-Danquah en Kotin voer aan dat daar tussen 2015 en 2026 'n patroon van wydverspreide en sistematiese aanvalle teen Afrikamigrante was, wat insluit moorde, aanrandings, plundery en gedwonge verplasing. Hulle beskuldig die Suid-Afrikaanse owerhede daarvan dat hulle nie voldoende opgetree het om die geweld te voorkom of die oortreders te vervolg nie. **N**

# Lamb Champs word 'n internasionale kompetisie

*Redaksie*

Terwyl die nuwe Lamb Champs-wenners die afgelope naweek aangekondig is, het dit ook bekend geword dat daar op 31 Oktober vanjaar internasionaal om die gesogte toekenning meegeding sal word.

Die internasionale kompetisie sal behels dat 'n span van tien Suid-Afrikaanse boere teen tien Namibiese boere meeding.

Hennie Jonker, die nasionale Lamb Champs-wenner van 2025, het die eerste plek gekry in die Suid-Afrikaanse span en Gawie van Heerden is as spankaptein aangewys. Die twee topboere van Lamb Champs Pretoria, Bloemfontein en Boland sal vir die span kwalifiseer, saam met Hennie Jonker en drie kapteinskeuses.

Gerhard en Jani Lourens van LGL Farming Co in Gauteng is as die wenners van Lamb Champs Pretoria 2026 gekroon met hul Persiese lam, ná 'n strawwe kompetisie waaraan 110 skaapboere van regoor Suid-Afrika deelgeneem het.

Die meer as 6 000 besoekers aan Lamb Champs Pretoria, wat vanjaar by die Harlequins Rugbyklub aangebied is, is vermaak deur Juan Boucher, Demi Lee Moore, Jakkals Vibes, Henru & Schwabie en WEST, terwyl gesinne lamsproeë, uitstallings, kompetisies en verskeie ander aktiwiteite kon geniet. Daan en Tharin Malan van Bethal in Mpumalanga het in die tweede plek geëindig met hulle dormerlam.




*Iné Bester bedryfsbestuurder Saai, Jani Lourens, Gerhard Lourens, Minki van der Westhuizen, Tessa Chamberlain, hoof van Strategiese Vennootskappe, Pick n Pay. [Foto: Verskaf]*

Die deelnemende boere se lamsvleis is volgens streng kriteria deur onafhanklike beoordelaars geëvalueer, en voorkoms, aroma, sagtheid, tekstuur, sappigheid, mondgevoel en die algehele eetervaring is in aanmerking geneem.

Francois Rossouw, uitvoerende hoof van Saai, sê Lamb Champs gee familieboere die geleentheid om in die kollig te staan en die uitsonderlike gehalte van hul produkte ten toon te stel.

"Elke boer wat deelgeneem het, het tot die sukses van die geleentheid bygedra en gehelp om verbruikers 'n beter begrip te gee van die vaardigheid, toewyding en moeite wat vir hulle lamsvleis op hul borde besorg."

Volgens Rossouw is die nuwe internasionale kompetisie 'n opwindende nuwe hoofstuk in die Lamb Champs-verhaal.

"Ons wil 'n internasionale verhoog skep waar boere as nasionale verteenwoordigers erken word en waar landbou-uitnemendheid, koskultuur en nasionale trots saamvloei. Wanneer Suid-Afrika teen Namibië te staan kom, sal dit nie net gaan oor watter boer die beste lam produseer nie, maar oor watter land die trofee huis toe neem." **N**

# Qantas onderneem langste kommersiële vlug

*Redaksie*

Die Australiese lugdiens, Qantas, het sover bekend die wêreld se langste kommersiële vlug afgelê. Dit was 'n direkte vlug vanaf Melbourne na Toulouse in Frankryk. Die reis het 24 uur en 24 minute geduur. Dit word as 'n groot mylpaal in Qantas se "Projek Sunrise" beskou. Die langtermyndoelwit is om minder stoppe op lang roetes te hê. Die lugdiens stel aan die begin van aanstaande jaar 'n direkte vlug tussen Sydney en Londen bekend.

Hierdie vlug na Frankryk is het die tweede hoogste volgergetalle van lugvaartentoesiaste gehad. Die vlug wat die meeste kykers gelok het, was die een in 2022 wat koningin Elizabeth II se kis vervoer het. **N**



# Nuwe dinosourus-spesie in Zimbabwe ontdek

*Redaksie*

Wetenskaplikes het 'n nuwe dinosourusspesie in Zimbabwe ontdek. Die fossiel van Musango matusadonaensis is in 2018 aan die oewer van die Karibameer in die noorde van Zimbabwe opgegrawe.

Die spesie het nagenoeg 210 miljoen jaar gelede gedurende die Laat-Triastydperk geleef en is die vyfde dinosourusspesie wat tot dusver in Zimbabwe gevind is.

Navorsers sê die ontdekking bevestig dat Suider-Afrika destyds uit verskillende ekostelsels bestaan het, elk met sy eie dinosourusspesies.

Musango – waarskynlik 'n plantvreter – was ongeveer 4,5 meter lank en het na raming 222 kilogram geweeg. **N**



*[Grafika: Mark Witton]*

# Groot olietenkskip in Durban se droogdok

*Marelize Maré*

Transnet se Nasionale Hawe-owerheid het die grootste vaartuig in meer as tien jaar by Durban se Prince Edward-skeepshersteldok aangebring. Die 228 meter lange ru-olietenkskip Troy, wat in die Marshall-eilandgroep geregistreer is, is suksesvol in die historiese fasiliteit vasgemeer.

Die vaartuig, met 'n kapasiteit van meer as 73 000 ton, sal vir die volgende tien dae daar wees vir onderhoud, herstelwerk en inspeksies. Die owerheid sê die suksesvolle dok van die vaartuig wys die verbeterde vermoëns van die hawe ná infrastruktuuropgraderings, wat 'n moderniseringsprojek van R200 miljoen ingesluit het.

Die Prince Edward-droogdok, wat in 1924 in gebruik geneem is, bly een van Afrika se oudste en belangrikste skeepshersteltfasiliteite. **N**






# Die naam Student is 'n erenaam



*Marochelle Wentzel*

"Die naam is 'n erenaam."

Só het ds. J.D. Kestell studente toegespreek gedurende sy tyd as rektor van die Grey-Universiteitskollege. Vir hom was 'n student nooit bloot iemand wat kennis opdoen of 'n kwalifikasie nastreef nie. Dit het 'n veel dieper betekenis gehad.

Hy het gesê: "Om student te wees, beteken nie net om te studeer nie. Daar sal 'n hoër uitwerking wees: die vorming van karakter, van 'n deeglike, sterk en edele karakter."

Meer as 'n eeu later spreek hierdie woorde steeds tot ons. In 'n tyd waarin studente dikwels onder groot finansiële en persoonlike druk verkeer, herinner dit ons daaraan dat die ware waarde van studie nie net lê in wat 'n mens leer nie, maar ook in die mens wat jy in die proses word. Dit gaan oor groei. Dit gaan oor volharding. Dit gaan oor die vorming van mense wat eendag 'n verskil in hul gesinne, beroepe en gemeenskappe sal maak.

Ds. J.D. Kestell was nie net 'n predikant nie. Hy was 'n volksleier, opvoeder en dienaar van sy gemeenskap. Sy lewe was gewy aan die opheffing van ander en aan die oortuiging dat ware vooruitgang nie alleen bereik word nie, maar saam. Dit is juis hierdie waardes – geloof, diens, verantwoordelikheid en omgee vir ander – wat vandag steeds sy nalatenskap kenmerk.

Die JD Kestell Studiefonds verteenwoordig die kern van Solidariteit Helpende Hand se missie: saamwerk, helpmekaar en redmekaar. Die fonds dra sy naam omdat dit voortbou op dieselfde beginsels waarvoor hy sy lewe lank gestaan het.

Elke jaar staar studente onverwagte uitdagings in die gesig. Vir sommige is dit die verlies van 'n inkomste, 'n gesinskrisis, 'n mediese noodgeval of ander finansiële druk wat dit moeilik maak om verder te studeer. Vir ander gaan dit oor die hoop op 'n beter lewe, die begeerte om hul omstandighede te verbeter en 'n beter toekoms vir hulself en hul geliefdes te bou. Die hartseer werklikheid is dat dit dikwels nie 'n gebrek aan talent, deursettingsvermoë of toewyding is wat 'n student terughou nie, maar omstandighede buite hul beheer.

Die JD Kestell Studiefonds help om te verseker dat so 'n terugslag nie die einde van 'n student se studiedroom word nie.

Meer as net 'n noodfonds is hierdie fonds 'n brug tussen krisis en kwalifikasie, tussen onsekerheid en geleentheid, tussen vandag se uitdagings en môre se moontlikhede. Dit bied studente die geleentheid om aan te hou bou aan hul toekoms, selfs wanneer omstandighede onverwags verander.

Want die naam Student is steeds 'n erenaam.

Dit is die naam van iemand wat bereid is om te leer, te groei en verantwoordelikheid vir sy of haar toekoms te neem. Iemand wat besig is om karakter te vorm, kennis op te doen en voor te berei vir 'n lewe van betekenis.

Wanneer jy die JD Kestell Studiefonds ondersteun, help jy nie net 'n student nie. Jy belê in 'n toekomstige onderwyser, verpleegkundige, ingenieur, entrepreneur of gemeenskapsleier. Jy help om gesinne te versterk, gemeenskappe op te bou en geleenthede te skep waar daar andersins min sou wees.

Só leef ons die nalatenskap van ds. JD Kestell uit: deur mekaar op te help, hoop te gee en 'n verskil te maak waar dit die nodigste is.

Besoek www.jdkestell.co.za of stuur 'n e-pos na studietrust@helpendehand.co.za vir meer inligting oor hoe jy betrokke kan raak of 'n skenking kan maak.

Hier volg die Helpende Hand Studietrust se bankbesonderhede indien jy 'n onmiddellike skenking wil maak:

**Die Helpende Hand Studietrust**
Bank: FNB
Rekeningnommer: 62331447541
Takkode: 261550
Verwysing: JD_Kestell
SWIFT-kode: FIRNZAJJ



# Kennisgewings

## Boedels: Likwidasie / Distribusie

**In die boedel van wyle: JAN HENDRIK BOTHA**

**HURTER SPIES INGELYF KENNISGEWING VAN LIKWIDASIEREKENING WAT TER INSAE LÊ**

In terme van artikel 35(5) van Wet No 66 van 1965, word hiermee kennis gegee dat duplikate van die **EERSTE EN FINALE LIKWIDASIE EN DISTRIBUSIEREKENING** in die boedel hieronder vermeld, oop sal wees vir inspeksie aan alle belanghebbende persone vanaf **31 JULIE 2026 tot 21 AUGUST 2026**, by die **LANDDROSHOF PALM RIDGE** en **MEESTER VAN DIE HOOGGEREGSHOF, JOHANNESBURG**.

In die boedel van wyle: JAN HENDRIK BOTHA

Identiteitsnommer: 540620 5016 086 Laaste Adres: NO. 8 10DE LAAN, ALBERTON NOORD, GAUTENG, 1449

Boedelnommer: 009930/2025 Langslewende gade se naam en van: YVONNE DENISE BOTHA

Identiteitsnommer: 630918 0115 080 Indien geen besware daarteen by die betrokke Meester of Landdroshof gedurende die gespesifiseerde tydperk ingedien word nie, sal die eksekuteur voortgaan om uitbetalings te maak in ooreenstemming met die rekening.

**Adverteerder : HURTER SPIES INGELYF Adres : Posbus 14505, Lyttelton, 0140 Telefoon : 012 941 9239 KENNISGEWING GEPLAAS TE WORD OP: 31 JULIE 2026**

Publikasiedatum 31-July-2026
NRK9193425

**In die boedel van wyle: ANDRIES NICOLAAS GRIESSEL**

**HURTER SPIES INGELYF KENNISGEWING VAN LIKWIDASIEREKENING WAT TER INSAE LÊ**

In terme van artikel 35(5) van Wet No 66 van 1965, word hiermee kennis gegee dat duplikate van die **EERSTE EN FINALE LIKWIDASIE EN DISTRIBUSIEREKENING** in die boedel hieronder vermeld, oop sal wees vir inspeksie aan alle belanghebbende persone vanaf **31 JULIE 2026 tot 21 AUGUST 2026,** by die **LANDDROSHOF GEORGE** en **MEESTER VAN DIE HOOGGEREGSHOF, CAPE TOWN**.

In die boedel van wyle: ANDRIES NICOLAAS GRIESSEL

Identiteitsnommer: 350605 5047 081 Laaste Adres: NO. 17 BOSCHKLOOF ESTATE, HANSMOESKRAAL, GEORGE, 6529

Boedelnommer: 004347/2023 Langslewende gade se naam en van: ANNA CHRISTINA GRIESSEL

Identiteitsnommer: 561026 0030 086 Indien geen besware daarteen by die betrokke Meester of Landdroshof gedurende die gespesifiseerde tydperk ingedien word nie, sal die eksekuteur voortgaan om uitbetalings te maak in ooreenstemming met die rekening.

**Adverteerder : HURTER SPIES INGELYF Adres : Posbus 14505, Lyttelton, 0140 Telefoon : 012 941 9239 KENNISGEWING GEPLAAS TE WORD OP: 31 JULIE 2026**

Publikasiedatum 31-July-2026
NRK2404458

**In die boedel van wyle: MARINA JOHANNA KLEINHANS**

**HURTER SPIES INGELYF KENNISGEWING VAN LIKWIDASIEREKENING WAT TER INSAE LÊ**

In terme van artikel 35(5) van Wet No 66 van 1965, word hiermee kennis gegee dat duplikate van die **EERSTE EN FINALE LIKWIDASIE EN DISTRIBUSIEREKENING** in die boedel hieronder vermeld, oop sal wees vir inspeksie aan alle belanghebbende persone vanaf **31 JULIE 2026 tot 21 AUGUSTUS 2026**, by die **MEESTER VAN DIE HOOGGEREGSHOF, PORT ELIZABETH**.

In die boedel van wyle : MARINA JOHANNA KLEINHANS

Identiteitsnommer: 470217 0065 087 Laaste Adres :19 Luneville Place, Gisela Road, Lorraine Gqeberha Boedelnommer : 000149/2024 Langslewende gade se naam en van : LEON HUGO KLEINHANS

Identiteitsnommer : 390211 5048 088 Indien geen besware daarteen by die betrokke Meester of Landdroshof gedurende die gespesifiseerde tydperk ingedien word nie, sal die eksekuteur voortgaan om uitbetalings te maak in ooreenstemming met die rekening.

**Adverteerder : HURTER SPIES INGELYF Adres : Posbus 14505, Lyttelton, 0140 Telefoon : 012 941 9239 KENNISGEWING GEPLAAS TE WORD OP: 31 JULIE 2026**

Publikasiedatum 31-July-2026
NRK9321035

**In die boedel van wyle: LIZELLE SNYMAN**

**HURTER SPIES INGELYF KENNISGEWING VAN LIKWIDASIEREKENING WAT TER INSAE LÊ**

In terme van artikel 35(5) van Wet No 66 van 1965, word hiermee kennis gegee dat duplikate van die **EERSTE EN FINALE LIKWIDASIE EN DISTRIBUSIEREKENING** in die boedel hieronder vermeld, oop sal wees vir inspeksie aan alle belanghebbende persone vanaf **31 JULIE 2026 tot 21 AUGUSTUS 2026**, by die **PRETORIA SENTRAAL LANDDROSHOF** en **MEESTER VAN DIE HOOGGEREGSHOF, PRETORIA**.

In die boedel van wyle: LIZELLE SNYMAN Identiteitsnommer: 830513 0057 081 Laaste Adres: 669 William Nicol Street, Erasmuskloof, Pretoria

Boedelnommer: 005939/2023 Langslewende gade se naam en van: N/A Identiteitsnommer: N/A

Indien geen besware daarteen by die betrokke Meester of Landdroshof gedurende die gespesifiseerde tydperk ingedien word nie, sal die eksekuteur voortgaan om uitbetalings te maak in ooreenstemming met die rekening.

**Adverteerder : HURTER SPIES INGELYF Adres: Posbus 14505, Lyttelton, 0140 Telefoon: 012 941 9239 KENNISGEWING GEPLAAS TE WORD OP: 31 JULIE 2026**

Publikasiedatum 31-July-2026
NRK9678377

**In die boedel van wyle: JACOBUS JOHANNES CHRISTIAAN VAN WYK**

**HURTER SPIES INGELYF KENNISGEWING VAN LIKWIDASIEREKENING WAT TER INSAE LÊ**

In terme van artikel 35(5) van Wet No 66 van 1965, word hiermee kennis gegee dat duplikate van die **EERSTE EN FINALE LIKWIDASIE EN DISTRIBUSIEREKENING** in die boedel hieronder vermeld, oop sal wees vir inspeksie aan alle belanghebbende persone vanaf **31 JULIE 2026 tot 21 AUGUST 2026**, by die **LANDDROSHOF KEMPTON PARK** en **MEESTER VAN DIE HOOGGEREGSHOF, JOHANNESBURG**.

In die boedel van wyle: JACOBUS JOHANNES CHRISTIAAN VAN WYK

Identiteitsnommer: 450302 5083 089 Laaste Adres: 17 Seder Avenue, Birchleigh, Kempton Park, 1620 Boedelnommer: 0091928/2022 Langslewende gade se naam en van: N/A Identiteitsnommer: N/A

Indien geen besware daarteen by die betrokke Meester of Landdroshof gedurende die gespesifiseerde tydperk ingedien word nie, sal die eksekuteur voortgaan om uitbetalings te maak in ooreenstemming met die rekening.

**Adverteerder : HURTER SPIES INGELYF Adres: Posbus 14505, Lyttelton, 0140 Telefoon : 012 941 9239 KENNISGEWING GEPLAAS TE WORD OP: 31 JULIE 2026**

Publikasiedatum 31-July-2026
NRK9953378

## Boedels: Debiteure / Krediteure

**IN DIE BOEDEL VAN WYLE: DEON BOSHOFF**

**KENNISGEWING AAN KREDITEURE IN DIE BOEDEL VAN WYLE: DEON BOSHOFF**

**GEBORE: 6 JUNE 1971**

**IDENTITEITSNOMMER: 710606 5256 081 EN NAGELATE EGGENOOT: N/A IDENTITEITSNOMMER GADE: N/A ADRES: 652 29TH AVENUE, VILLERIA, PRETORIA, 0186**

**BOEDELNOMMER: 005561/2026 DATUM VAN AFSTERWE: 6 JUNE 2026**

Skuldeisers en skuldenaars in bogemelde boedel word hiermee versoek om hulle eise in te dien en hulle skulde te betaal aan die ondergetekende binne 'n tydperk van **30 dae** vanaf **31 JULIE 2026** by Hurter Spies Prokureurs – 012 941 9239 of info@hurterspies.co.za.

Publikasiedatum 31-July-2026
NRK7739019

**IN DIE BOEDEL VAN WYLE: FRANCINA JOHANNA HENDRIKS**

**KENNISGEWING AAN KREDITEURE**

**IN DIE BOEDEL VAN WYLE: FRANCINA JOHANNA HENDRIKS**

**GEBORE: 9 DESEMBER 1945**

**IDENTITEITSNOMMER: 451209 0036 088 EN NAGELATE EGGENOOT: N/A IDENTITEITSNOMMER GADE: N/A ADRES: 35 BOTHMA ROAD, VALHALLA, PRETORIA, 0185**

**BOEDELNOMMER: 004086/2026 DATUM VAN AFSTERWE: 13 FEBRUARIE 2026**

Skuldeisers en skuldenaars in bogemelde boedel word hiermee versoek om hulle eise in te dien en hulle skulde te betaal aan die ondergetekende binne 'n tydperk van **30 dae** vanaf **31 JULIE 2026** by Hurter Spies Prokureurs – 012 941 9239 of info@hurterspies.co.za.

Publikasiedatum 31-July-2026
NRK7265556






Pretoria FM

# 25% afslag

## op Nuusweek-regskennisgewings

Om jou regskennisgewings te adverteer, stuur nou 'n e-pos na adverteer@pretoriafm.co.za

Jou regskennisgewings word in Pretoria FM se e-publikasie, Nuusweek, asook op ons webblad gepubliseer

Om toegang tot die regskennisgewings te verkry besoek www.nuusweek.co.za

**Nuusweek**

**Regskennisgewings**

Bepalings en voorwaardes geld.

# Lesers se beurt

Hier kry lesers die geleentheid om hulle sê te sê oor van die warmste onderwerpe van die afgelope week.




Die Wes-Kaapse Hooggeregshof het president Cyril Ramaphosa se dringende aansoek toegestaan om die parlementêre vervolgingsproses oor die Phala Phala-aangeleentheid tydelik te staak.
Die hof het beslis dat die proses opgeskort moet word totdat 'n hersiening van die onafhanklike paneel se verslag van 2 tot 4 September aangehoor is. Hier is wat luisteraars hieroor te sê gehad het:

**Elize Adendorff Boëmer**
Hoekom is ek nie verbaas nie.

**Jessie du Plessis**
Ons mos geweet dit gaan gebeur. Gaan soos Zuma maar net voortgaan met die lewe. Geen verantwoordelikheid.

**Nico Pretorius**
Mos gesê, hulle gaan sloer tot na die verkiesing.

**Carl vd Merwe**
Soos ek gesê het – ons regstelsel is net so korrup.

**Nelda van Zyl**
En so kom nog 'n korrupte "staatsman" weg ... Die verkiesing lê mos voor.

**Takkie Nortje**
Niemand is bo die wet verhewe nie. Almal moet dieselfde straf kry.


*Cyril Ramaphosa [Foto: actionsa.org.za]*

**Frik Dorfling**
So regeer die howe ons land.

**Nico van der Merwe**
Sy hersieningsaansoek word 2-4 September aangehoor. Hoop die uitspraak daarop kom nog in September.

**Ria Van Schalkwyk**
Dit maak my so kwaad. Hulle kom met alles weg daarbo. Reg en geregtigheid behoort vir almal te wees.

**Elsa Nortje**
Wat anders het ons verwag?

**Fanie Cremer**
Stalingrad 2.1.**N**

**Ons wil graag van jou hoor.**
**Stuur gerus jou kommentaar of briewe van nie langer as 200 woorde na nuusweek@pretoriafm.co.za.**



# Oorloë in Iran en Oekraïne toenemend verweef

INTERNASIONALE PERSPEKTIEF

Jaco Kleynhans

Verlede naweek se aanval deur Oekraïne met 'n langafstandhommeltuig op 'n Iranese skip in die Kaspiese See het die toenemende verweefdheid van die oorloë in Oekraïne en Iran beklemtoon. Rusland en Iran se historiese bande, tesame met albei lande se verhouding met China en ander anti-Westerse moondhede, skep gevaarlike omstandighede waarin die twee oorloë geografies só kan uitkring dat dit uiteindelik in een veel groter konflik met verreikende wêreldwye gevolge kan ontaard.

Volgens die Oekraïense regering het sy weermag 'n Russiese oorlogskip en ander vaartuie geteiken wat militêre goedere, waaronder komponente vir hommeltuie en missiele, van Rusland na Iran vervoer het. Iran ontken dit egter en voer aan dat dit 'n kommersiële skip was wat staal vervoer het en vanaf Astrakhan in Rusland na Bandar Anzali in Iran onderweg was. Een matroos is tydens die aanval dood en verskeie ander is beseer.

Hoewel die aanval in die Kaspiese See groot opslae gemaak het en Iran Oekraïne se diplomaat in Teheran ontbied, die aanval as 'n skending van die VN-handves veroordeel en met vergeldingsaanvalle gedreig het, is die langtermyngeopolitieke gevolge daarvan van veel groter belang.

Iran se minister van buitelandse sake, Abbas Araghchi, het Israel daarvan beskuldig dat dié land Oekraïne aangemoedig het om die aanval uit te voer. Terwyl Rusland en Iran noue bande handhaaf, het die verhouding tussen Oekraïne en Israel die afgelope tyd verdiep. Die Oekraïense president, Wolodimir Zelensky, en Israel se eerste minister, Benjamin Netanyahu, was boonop die afgelope week op dieselfde dag in Washington. Soos Rusland en Iran baie van dieselfde vriende en vyande het, geld dit ook toenemend vir Oekraïne en Israel.

Verskeie bewerings wat die oorloë in Oekraïne en Iran al hoe nouer met mekaar verbind, is die afgelope week gemaak. Iran beweer Israel probeer Europese lande in die Midde-Oosterse konflik betrek deur Oekraïne aan te moedig om aanvalle op Iranese skepe uit te voer. Rusland voer weer aan dat die oorlog in Iran bloot gebruik word om Rusland se vermoë om homself te verdedig, te verswak en verdeeldheid tussen Rusland en sy bondgenote te saai.

Die werklikheid is dat Rusland en Iran reeds jare lank nou saamwerk op die gebied van wapenvervaardiging en dat wapenhandel tussen die twee lande sedert die uitbreek van die oorlog in Oekraïne beduidend toegeneem het. Albei lande is ook noue bondgenote van China



en werk saam in pogings om Westerse, en veral Amerikaanse en Europese, invloed in verskeie wêrelddele te verswak. Rusland en Iran handhaaf boonop noue bande met verskeie outoritêre regimes, veral in Afrika, waar hulle in noue samewerking Westerse belange probeer ondermyn, toegang tot hulpbronne verkry, militêre staatsgrepe steun en hul invloed uitbrei.

Militêre samewerking tussen Rusland, Iran en China verdiep reeds jare lank. Die drie lande werk saam met die uitruil van tegnologie, wapens, ammunisie, radarstelsels, satellietdata en intelligensie. Hierdie samewerking word al hoe meer sigbaar in die oorloë in Oekraïne en Iran. Hoewel China dikwels op die agtergrond bly en tmerkwaardig stil is terwyl hierdie oorloë ontvou, trek die land groot voordeel uit sy groeiende invloed oor Rusland en Iran en die toenemende afhanklikheid van albei lande van Chinese steun.

Zelensky het Dinsdag by die Withuis Rusland daarvan beskuldig dat dit satellietbeelde van Golfstate en Amerikaanse militêre fasiliteite aan Iran verskaf om aanvalle in die Midde-Ooste moontlik te maak. Hierdie intelligensiedeling versterk die indruk dat die twee oorloë nie meer afsonderlike konflikte is nie, maar toenemend verweef raak.

Dit plaas die Amerikaanse regering, en in 'n mate ook Europa, in 'n uiters moeilike posisie. Lande soos Iran, Rusland en China werk nou saam om die Weste nie net militêr nie, maar ook ekonomies te verswak. Westerse invloed word toenemend in ontwikkelende lande in Afrika, die Midde-Ooste en Asië uitgedaag. China trek uiteraard groot voordeel hieruit deur sy invloed aan te wend om toegang tot hulpbronne in ontwikkelende lande te verkry en terselfdertyd nuwe markte vir sy goedere regoor die wêreld te ontsluit.

'n Aanval soos dié wat Oekraïne verlede naweek in die Kaspiese See uitgevoer het, verhoog die risiko dat Europa en Navo dieper in beide oorloë betrek kan word. Die Withuis en die Pentagon staan tans voor die uitdaging om twee oorloë wat op 'n ingewikkelde manier met mekaar verweef is, te help beëindig, terwyl hulle terselfdertyd moet voorkom dat Amerikaanse belange op verskeie vastelande verder verswak of bedreig word. Hoewel die wêreld nog ver is van 'n situasie waarin die twee oorloë direk ineenvleg en wêreldstreke destabiliseer, neem die risiko daarvan daagliks toe indien daar nie volhoubare oplossings vir beide konflikte gevind word nie. . N

**Kleynhans is hoof van openbare skakeling by Solidariteit.*

# Britse koninklikes besoek Pretoria

PRETORIA HISTORIA
Riana Mulder

*Uittreksel met aanpassings uit Deur dik en dun – lekker kos en stories uit ou Pretoria (Riana Mulder)*

Pretoria, synde die hoofstad, was op die roete van elke belangrike besoeker aan die land, en het dikwels gasheer gespeel vir konings en koninginne, prinse en prinsesse, leiers van ander lande en ander beroemdes. By sulke geleenthede was die hele stad gewoonlik getooi in liggies, blomme en linte, en geen moeite is ontsien om die belangrike besoekers op die hande te dra nie.

Veral koninklikes het ook in groot swier gereis, meestal in treine wat spesiaal vir hulle gerief ingerig was. So het die hertog van Connaught die Uniegebou se hoeksteen in 1910 gelê, en hy het ook die eerste sitting van die nuwe Unieparlement geopen. Hy was blykbaar 'n kleinseun van Koningin Victoria, en het by die geleentheid die nuwe Britse koning, George V, verteenwoordig.

Vir die toer het die SA Spoorweë 'n spesiale trein van 11 waens beskikbaar gestel, waarmee die koninklike geselskap deur die hele land, en ook deur die destydse Suid-Rhodesië, gereis het. 'n Spoorwegwerker het later vertel dat die hertog se dogter, Prinses Patricia, se enigste klagte was dat die kajuite se beddens te kort was, want sy het gesukkel om haar voete in die nag toe te hou!

Hierdie koninklike trein, net soos lateres, was ook vergesel van 'n "loodstrein" voor, en 'n "noodtrein", wat 30 minute later op dieselfde roete gevolg het, en wat o.a. die melkkoeie gehuisves het wat melk verskaf het vir die koninklike tee en etes.

Lede van die media kon darem in die voorste loodstrein reis ...

Prins George het Pretoria ook op 16 Maart 1934 besoek as deel van sy toer deur die suide van Afrika. Daar was ook 'n hele paar ander koninklike besoeke deur die jare.



*King George VI, Queen Elizabeth, Princess Elizabeth and Princess Margaret [Foto: facebook.com/HMKingGeorgeVI]*

Die grootste en belangrikste besoek was egter die van koning George VI en koningin Elizabeth (later bekend as die koninginmoeder) wat Suid-Afrika in 1947 saam met die prinsesse Elizabeth en Margaret besoek het. In Pretoria is hulle aan die einde van Maart 1947 o.a. in die stadsaal met 'n formele dinee onthaal. Die stad was weereens uitgevat om te beïndruk, oudsoldate het 'n erewag gevorm waardeur die koninklike voertuie gery het, en die stadsaal was so pragtig met blomme versier dat dit die koninklike asems weggeslaan het.

Ouma Smuts, premier Jan Smuts se Isie, was nie een vir groot vertoon nie, en het daarop aangedring om die koninklike gesin by haar eie huis, 'n sinkhuis van militêre oorsprong op hulle plaas by Irene, te onthaal. Hulle het die besoek blykbaar so geniet dat selfs die koningin later na haar as Ouma Smuts verwys het!

Ook tydens hierdie toer was 'n spesiale trein hulle tuiste vir die ongeveer drie maande wat die reis geduur het. Die agt luukse waens was roomwit geverf en het lugversorging gehad.

Een van die joernaliste het later onthou hoe die gesin dikwels saans uitgeklim en in ontspanne luim langs die spoorlyn gestap, en met almal om hulle gesels het. Veral prinses Elizabeth was altyd stylvol en sjarmant, en gereed met 'n glimlag vir almal. Op 21 April 1947 het sy haar 21ste verjaardag in Kaapstad gevier.

Die koning het blykbaar tydens die reis verlief geraak op koeksisters, en die kokke moes dit daarna elke oggend vir sy tee maak. Prinses Elizabeth weer het 'n lekker vrugtekoek hier geëet, en blykbaar vir jare daarna nog gereeld vrugtekoek van dieselfde bakker in Suid-Afrika bestel.**N**

*Mulder is die redakteur van Pretoria Historia wat gelees kan word by www.pretoriahistoria.com*

#vrydagfeite

'n Hond se neusafdruk is uniek: Die doolhof van riffies en plooie verskil van brak tot brak, nes jou vingerafdruk. In omvattende navorsing, wat 70 honde van 19 rasse ingesluit het, is daar bewys dat hierdie patrone onveranderd bly, ongeag die ouderdom of geslag van die natneus.

Omdat die patrone deur Brakanjan se hele lewe dieselfde bly, kan 'n neusafdruk as biometriese identifikasie gebruik word, en sommige registers en skuilings gebruik dit reeds om 'n hond se identiteit te bevestig.

Met ander woorde: Elke snoetafdruk is 'n unieke hand- of eerder poottekening.**N**



**Padlangs**

Alta Strauss

# Jou wil bepaal jou weg!

Het jy al ooit gedink aan dit wat jy in jou dra? Jou roeping.

Een van die dinge van ouer word, is dat 'n mens meer besin oor die lewe, veral met betrekking tot jou eie lewe en die keuses en besluite wat jy neem. Iets wat in besonder vir my uitstaan. is dat wanneer jy lewe skenk aan dit wat jy in jou dra, dit wat jy in jou dra jou red. Elke keer wat jy kies om dit wat jy in jou dra nie voort te bring nie, dit waaraan jy nie lewe gegee het nie, verwoes dit jou. 'n Mens is baie meer spyt oor dít wat jy nie gedoen het in die lewe nie, as die kere wat jy gewaag het en gereageer het op dit wat jy in jou hart dra.

Om betekenis in die lewe te vind, moet jy leer om jouself te stroop van die laag op laag leuens, totdat net wat waar en wat edel is, bly. Dit is al hoe jy weer kan leer droom, kan skep, kan kreatief wees en innoveer. Dít kan jy net doen wanneer jy leer om lief te raak vir jouself. Leer om vir jou lief te wees soos jy lief is vir dié mense wat kosbaar is in jou lewe.

Ons praat baie oor ons drome en ons bid baie daaroor, maar wanneer was die laaste keer wat jy daadwerklik iets gedoen het? Wanneer laas het jou droom oorgegaan tot aksie? Ons drome is nie iets wat tot vervulling kom deur wensdenkery nie. Ook word dit nie verwesenlik deur daaroor te bid nie, maar deur dit wat jy die Here voor vertrou te begin lééf. Lééf asof jy alreeds dit in besit geneem het! Nie net wanneer jy so voel nie, maar ook daardie dae wanneer jy nie so voel nie en emosies die oorhand probeer kry.

Geloof is eintlik presies so eenvoudig: Stap in die volheid waarvoor jy God vertrou. Dit is ons wat dit probeer oorkompliseer. En waarom maak ons dit meer gekompliseerd en ingewikkeld as wat dit is? Omdat ons so bang is dat ons nie gaan slaag nie. Bang is om te misluk. Die vrees vir verlies. Daardeur beroof ons onsself van alles wat ons het om te wen.

Ons almal het al die een of ander tyd mislukking of verlies ervaar. Niemand is vrygeskeld daarvan nie. Wat ons egter vergeet, is dat alhoewel ons in hierdie wêreld is, ons nie van hierdie wêreld is nie. Die hoop in ons hart mag dalk kantel met tye, maar God bly ewig staan, die Groter Een wat leef in jou en in my!

Daarom, moenie bang wees om weer te probeer nie. Om weer te probeer, neem nie die seer van mislukking of verlies weg nie, maar dit verander die kern daarvan. Dit neem daardie negatiewe impak wat dit het op jou wese en psige, en transformeer en omskep dit in iets nuut, iets konstruktief. Iets wat aan jou 'n diepte gee, 'n wysheid, 'n insig, wat jy nie daarsonder sou gehad het nie.

Soos wat ons hierdie saadjie in ons onderbewussyn plant en begin om anders oor ons verlies of mislukking te dink, gee dit aan die ervaring 'n nuwe betekenis en voel ons dit anders in ons binnekant. Dit gee aan ons die vermoë om die intensiteit van die verlies te ervaar, maar terselfdertyd iets te skep wat die seer ver oortref.

Wanneer jy deur 'n moeilike ervaring soos mislukking of verlies gewerk het, ervaar jy dinge minder as vanselfsprekend en het jy 'n dieper waardering daarvoor. Jy ontwikkel ook 'n opregte nederigheid wat nodig is om die eer wat kom met grasie te kan dra, dit gee aan jou wysheid en deursettingsvermoë sonder gelyke.

Dit is met goeie rede dat Jesus gesê het "spreek tot die berg" en nie "bid daaroor" nie, want ons moet reageer om te transformeer. Verandering in jou gedragspatroon begin by 'n verandering in jou denkpatroon, maar dit stop nie daar nie. Wanneer ons bly fokus op die negatiewe, spreek ons negatiwiteit en reageer ons daarop in die wyse waarop ons onsself handhaaf en optree. Wanneer ons hierdie gedrag oor en oor herhaal, raak dit 'n gewoonte en binnekort ons natuur.

Geloof is om seker te wees van die dinge wat ons glo, oortuig te wees van die dinge wat ons nie sien nie en gehoorsaam te wees aan dit wat die Here in jou hart geplaas het. Ons lees die Woord maar leef dit nie. Leef in God se beeld geskep, leef met die sin van God, leef met dieselfde Gees wat Jesus uit die dood opgewek het se krag in en deur jou!

Raak van voor af verlief op God se plan vir jou lewe en laat sy Woord soos vuur in jou bene brand en lewend raak in jou hart, jou verstand en alles wat jy aanpak! Wees so vervul met die Heilige Gees dat jou emosies belyn met sy wil. Jou gedagtes bepaal jou toekoms en jou liggaam reageer daarop. Jou wil bepaal jou weg!. **N**

**Alta Strauss is breinprofielpraktisyn, motiveringspreker en skrywer*



# Die Boekeblad
met
Graffiti Boeke

# Nuut op die rak




### *Donkerhart*
**– Henda Olivier**

**R350 – Human & Rousseau**

Ná haar tweejarige dogter, Mia, se raaiselagtige verdwyning ses jaar gelede, worstel Tilla Allers steeds met erge PTSS. Die veroordeelde reeksmoordenaar Ricky Erwee is agter tralies, maar klein Mia se oorskot is nooit gevind nie.

Tilla het haar veeartsenypraktyk prysgegee en haar tienerdogter, Petra, by haar eksman Altus en sy nuwe vrou agtergelaat om 'n kluisenaarsbestaan op die familieplaas naby Bremel in die Vrystaat te voer.

Wanneer Jonker Cloete, 'n jong filmmaker van Nieu-Seeland, sy opwagting op Bremel maak om 'n dokumentêr oor Mia se verdwyning te vervaardig, begin die dorpenaars hul herinneringe opdiep en spekuleer oor wat presies in 2019 gebeur het.

Tilla se grootste vrees is dat haar kind se oorskot wel gevind sal word en haar sorgvuldig gekonstrueerde lewe inmekaar sal laat tuimel indien sekere verborge familiegeheime aan die lig kom.

Donkerhart is 'n onthutsende sielkundige riller wat jou nekhare sal laat rys.

Bestel dit aanlyn by
www.graffitibooks.co.za

### *Magietyd Plaas*
**– Bouncy Ball**

**R240, Jonathan Ball**




Sê hallo vir al die plaasdiere! Met 'n besige plaastoneel aan die een kant en duidelike dieregesigte en 'n spieël aan die ander kant.

Bestel dit aanlyn by
www.graffitibooks.co.za

### *Magietyd Safari*
**– Bouncy Ball**

**R240, Jonathan Ball**




Sê hallo vir al die safaridiere! Met 'n besige safaritoneel aan die een kant en duidelike dieregesigte en 'n spieël aan die ander kant.

**Graffiti gee dié week ook 'n Zoeloe-uitgawe van *Safari* weg!**

Bestel dit aanlyn by
www.graffitibooks.co.za

### *Kuberverraad*
**– DeWet Bisschoff**

**R320, Turksvy Publikasies**




Net voor Suid-Afrika se nasionale verkiesing word die land die teiken van Umlilo – 'n geheime plan om chaos te saai en 'n kommunistiese diktatorskap te vestig. Die Professor, 'n KGB-agent met 'n persoonlike vendetta, trek die toutjies. Mac en sy span moet 'n KI-fopnuusaanval stuit.

Terwyl hy veg teen digitale en fisieke vyande, word sy geliefde Sonja deur die CIA gewerf en by 'n gevaarlike dubbellewe ingesleep. Jerome, sy mentor met twyfelagtige belange, word ingespan om die geheime operasies te neutraliseer. Intussen word Shortie, Mac se lojale vriend, meegesleur in 'n wraakreis ná 'n bloedige aanval in Constantia.

Wanneer geld, wapens en geheime besendings se pad kruis met die Boeremag en 'n Russiese vloot, besef Mac en sy bondgenote die demokratiese eksperiment is op die rand van vernietiging, wat die wêreldorde kan verander. Kan Mac, Sonja, Jerome en Shortie die verraad keer – of is dit reeds te laat?

Bestel dit aanlyn by www.graffitibooks.co.za

## TOPVERKOPERS

**Hier is die week se topverkopers:**

**10** *Enigma* – Rudie van Rensburg

**9** *My skaduwee loop los* – Zirk van den Berg

**8** *'n Knippie moord* – Elsa Winckler

**7** *Pompeii* – Bets Smith

**6** *Donkerhart* – Henda Olivier

**5** *Bethulie* – Rensche van der Walt

**4** *Daardie lewe Karel Schoeman* – Ria Winters

**3** *'n Lerse knoop* – Elsa Winckler

**2** *Rebekka van Kameeldoornplaas* – Irma Joubert

**1** *Grensloos* – Wilna Adriaanse

## *Wen al drie die boeke!*



**'n Gelukkige leser het die kans om hierdie boeke te wen.**

Al wat jy hoef te doen om vir die prys in aanmerking te kom, is om die volgende vraag te beantwoord:

***Wie het Donkerhart geskryf?***

Whatsapp jou antwoord saam met jou **naam** en volledige adres na **072 386 5997**.
**Inskrywings sluit Maandag 3 Augustus 2026.**

Die wenner sal lukraak gekies word en in volgende week se *Nuusweek* aangekondig word.

Die pryswenner se boeke sal deur Graffiti versend word en alle navrae moet direk aan Graffiti gerig word by info@graffitibooks.co.za

**Wenner van 24 Julie 2026 se boekekompetisie is:**
**Karien Stafford van Upington**

**Al hierdie boeke sowel as ander nuwe vrystellings en topverkopers is nou beskikbaar by**
**www.graffitiboeke.co.za**
**teen 10% afslag.**

7VOOR7

Ds. Adri van Staden,
emeritus leraar in die AP Kerk

# Jou Ware Vriend

In Miga 7 vers 5 en 6 skryf Miga: "Vertrou geen metgesel nie, maak op geen vriend staat nie ... die man se vyande is sy huisgenote!"

Ken jy die eensaamheid waarvan Miga hier praat? Hy wys daarop dat sy volk so beïnvloed geraak het deur die heidene dat niemand mekaar meer kan vertrou nie. Almal bedrieg en verraai mekaar. Oneerlikheid en onbetroubaarheid soos in 'n heidense samelewing het hom van alle vriende en vertrouelinge ontneem, selfs sy vrou en kinders!

Wanneer jy so verstoot word deur almal, voel dit vir jou of jy heeltemal alleen is op die wêreld, nie waar nie? Jy voel lus om iewers te gaan sit en huil waar niemand jou sien nie. Dalk sal dit 'n bietjie help, maar dit gaan nie daardie groot verlatenheid wat soos 'n donderwolk oor jou hang, laat weggaan nie.

Is dit nie absolute genade om soos Miga in sulke tye te kan weet dat daar Iemand is wat jou nooit sal verraai of in die steek laat nie? Iemand wat jou so liefhet en so oor jou begaan is, dat Hy sy Seun gestuur het om vir jou aan 'n kruis te sterf! Gaan huil eerder op sy skouer. Stort jou hart by Hom uit. Voel hoedat Hy, jou enigste ware Vriend, sy arms om jou plaas en jou versterk met krag om voort te gaan. Solank jy Hom jou Vriend en Vertroueling maak, sal jy nooit hierdie gevoel van verlatenheid en eensaamheid beleef nie. **N**



## #vrydagfeite

Het jy geweet dat die kortste oorlog in die geskiedenis slegs 40 minute geduur het?

Die Anglo-Zanzibar-oorlog, wat plaasgevind het op 27 Augustus 1896 was 'n konflik tussen die Britse Ryk en die sultan van Zanzibar in Oos-Afrika.

Die oorlog het ontstaan nadat die Zanzibar- prins Khalid ibn Barghash die paleis beset het ná die dood van die vorige sultan, en geweier het om die Britse voorkeurkandidaat as sultan te aanvaar.

Die Britse vloot het aan hom 'n ultimatum gestel, en toe Khalid nie daaraan gehoor gegee het nie, het die Britte die paleis gebombardeer.

Ongeveer 500 van Khalid se soldate is gedood, terwyl slegs een Britse matroos ernstig beseer is.

Teen die middag was Hamud ibn Mohammed as nuwe sultan aangestel en het hy alle Britse voorwaardes aanvaar, insluitend die afskaffing van slawehandel.

Khalid is in ballingskap na Dar es Salaam gestuur en het later in Mombasa in 1927 gesterf.


Die konflik beklemtoon die Britse oorheersing in Oos-Afrika teen die einde van die 19de eeu en die invloed van Europese magte oor plaaslike politiek en sosiale strukture..**N**



## VANDAG IN DIE VERLEDE

Albe Grobbelaar

Ds. M.L. de Villiers is op 31 Julie 1885, vandag 141 jaar gelede, gebore. Hy word veral onthou as die komponis van die ou volkslied se melodie, wat 'n toonsetting was van Langenhoven se gedig "Die Stem van Suid-Afrika". Ds. De Villiers, die vader van die geliefde Vrystaatse musiekman Dirkie de Villiers, is in 1977 op 91-jarige leeftyd oorlede.



*Ds. M.L. de Villiers*

Die Suid-Afrikaanse skilder Gregoire Boonzaier is op 31 Julie 1909 gebore. Hy was veral bekend vir sy natuur- en straattonele en sy kenmerkende impressionistiese styl. In sy latere jare het hy ook verskeie selfportrette geskilder.

Die Kalahari Gemsbok Nasionale Park, vandag bekend as die Kgalagadi-vredespark, is op 31 Julie 1931 geproklameer. Kgalagadi beteken 'plek van dors'. Die park lê grotendeels in die suidelike Kalahariwoestyn wat gekenmerk word deur die rooi sandduine, yl plantegroei, hier en daar 'n boom, en die droë rivierbeddings van die Nossob- en Auobrivier.



*Gregoire Boonzaier*


Die skepper van Harry Potter, skrywer J.K. Rowling, is op 31 Julie 1965 gebore. Rowling was redelik arm en totaal onbekend toe die eerste roman in die reeks, *Harry Potter and the Philosopher's Stone* in 1997 gepubliseer is. Daar was ses opvolgboeke, waarvan die laaste, *Harry Potter and the Deathly Hallows*, in 2007 vrygestel is. Die boeke het talle pryse gewen en daar is meer as 600 miljoen eksemplare wêreldwyd verkoop. **N**



*Rooi Kalahariduine in die Kgalagadi-vredespark*

# CellC (JSE - CCD)

Die daaglikse lyngrafiek het betrekking.




**Agtergrond**
**CellC** is 'n plaaslike selfoonoperateur.

**Kernbevinding**
Die hoër laagtes (positief) bevestig dat kopers op laagtepunte nader staan. Wat is 'n hoër laagte? Dit is 'n waarskuwing, en dit beteken die prys het teruggesak tot 'n laagtepunt wat hoër is as die vorige laagtepunt. Dit wys dat kopers vroeër begin intree as voorheen, en dat die afwaartse momentum besig is om te verswak.

Bo lyn A (R26,80) kan ons 'n hoër hoogte (positief) sien, wat waarskynlik momentum na bo kan vestig. Indien die momentum verder na bo toeneem, kan ons die aandeel dalk mettertyd na R30,50 sien styg. Wat is 'n hoër hoogte? 'n Hoër hoogte ontstaan wanneer 'n nuwe hoogtepunt aangeteken word wat hoër is as die vorige hoogtepunt. Dit wys dat kopers geïnteresseerd raak en bereid is om die prys na 'n hoër vlak te stoot as voorheen, wat aandui dat die opwaartse momentum besig is om te versterk.

Die 50-dag- bewegende gemiddeld (R25,26) is een van die beste medium-termyn-sentimentsmeters. Onder die gemiddeld is beleggers huiwerig om te koop en bo die gemiddeld is beleggers optimisties oor die vooruitsigte.

Onder R2435 kan die aandeel steeds verder daal en teikens jaag van: R24,12; R24,00; R23,87; R23,64; R23,43; R23,12; R22,83; R22,51; R22,42; R22,29; R22,09; R21,72; R21,45 en R21,28 is nie 'n onmoontlike teiken nie.

Ignoreer die aandeel onder R24,12.

Vir spekulante – koop of oorweeg om lank te bly bo lyn A (R26,80), maar slegs indien u glo dat bogenoemde tegniese beskrywing presies soos bespreek en uitgewys op die grafiek sal uitwerk. Gebruik R24,35 as keerverlies om kapitaal te beskerm. Die moontlike teikens na bo is: R26,90; R27,00; R27,21; R27,40; R27,67; R27,89; R28,22; R28,59; R28,80; R29,22; R29,50; R29,82; R30,06; R30,37; R30,50 en R30,73.

Vir medium- tot langtermynbeleggers – doen dieselfde as spekulante, maar hou by hulle keerverlies. Die 50-dag- bewegende gemiddeld (rooi lyn – R25,26) is 'n goeie sentimentsbarometer vir beleggers – onder die gemiddeld is beleggers sku vir die aandeel; maar bo die gemiddeld is hulle positief.

**Belangrike vlakke om dop te hou**
Indien die aandeel kopers lok bo lyn A; kan die aandeel dalk styg na: R26,90; R27,00; R27,21; R27,40; R27,67; R27,89; R28,22; R28,59; R28,80; R29,22; R29,50; R29,82; R30,06; R30,37; R30,50 en R30,73.

**Opsomming**
Koop of gaan lank bo R26,80; maar gebruik R24,35 as keerverlies om kapitaal te beskerm.

**Gevolgtrekking**
Optimisme is aan die opbou; maar nog nie bevestig nie; maar bo lyn A kan ons nuwe momentum na bo verwag.

**Vrywaring**
Opinies rondom markte loop met bepaalde markrisiko's. Raadpleeg u beleggings-adviseur voordat u beleggingsbesluite neem. Hierdie tegniese opinie is die tegniese ontleder se eie opinie en moet geensins geag word as finansiële advies nie.

*Nuusweek* en Pretoria FM aanvaar geen verantwoordelikheid vir enige uitkoms wat voortspruit uit hierdie inligting nie.

**Frans de Klerk**
*Onafhanklike tegniese ontleder verbonde aan fransdeklerk.com*
*Tel: 082 900 9996*



# SOLIDARITEIT WERKSGIDS

Bekom vandag nog jou droompos op www.solidariteit.co.za. Met meer as 700 poste beskikbaar per dag, is hierdie jou eenstopplatform vir werk – in Afrikaans!

Klik op poste vir meer info

## Bou & Ambagte

**Konstruksie Kontraktebestuurder** - Macdonald & Company |Lanseria|Sluit: 2026-08-01

**HVAC Terreinoperateur** - Qetello Holdings |Bryanston, Sandton|Sluit: 2026-08-01

**HVAC Algemene Werker** - Qetello Holdings |Montana, Pretoria|Sluit: 2026-08-01

## Finansiële Dienste

**FINANCE INTERN (12 maande kontrak)**- The Recruitment Guy |Richards Bay| Sluit: 2026-08-01

**Salarisadministrateur / Payroll Administrator** - Plasson |Kempton Park|Sluit: 2026-08-01

**Finansiele Bestuurder** - ARM Andalusite Pty Ltd |Thabazimbi|Sluit: 2026-08-06

**Boekhouer** - Baymax Investments (Pty) Ltd |Roodeplaat|Sluit: 2026-08-07

**SAIPA-/SAICA-Rekenmeester** – Pretoria-Oos - Talent Evolution (Pty) Ltd |Silver Lakes Golf Estate, Pretoria|Sluit: 2026-08-07

## Gesondheidsorg & Maatskaplike Dienste

**Onafhanklike Geregistreerde Mediese Praktisyn** - Medical Resources Group|Western Cape|Sluit: 2026-08-01

**Noodsorgdokter** (Onafhanklike Praktisyn)- Medical Resources Group|Western Cape|Sluit: 2026-08-01

**Noodsorgdokter** (Onafhanklike Praktisyn)- Medical Resources Group|North West|Sluit: 2026-08-01

**Onafhanklike Geregistreerde Mediese Praktisyn** - Medical Resources Group|Gauteng|Sluit: 2026-08-01

**Noodsorgdokter** (Onafhanklike Praktisyn) - Medical Resources Group |Gauteng|Sluit: 2026-08-01

**Mediese Rekeninge- en Eiseadministrateur** – Pretoria Oos- Medical Resources Group|Moreleta Park, Pretoria|Sluit: 2026-08-01

**Maatskaplike Werker** - Ons Tuis|Pretoria|Sluit: 2026-08-07

**Beauty Therapist / Lash Technician** - SkinPhD Lynnwood Bridge|Lynnwood Manor, Pretoria|Sluit: 2026-08-07

## Inligting, Kommunikasie & Media

**On Site IT Engineer** - Stepco Recruitment Pty Ltd|Pretoria|Sluit: 2026-08-01

**IT Solution Consultant** - Matrix Software|Stellenbosch|Sluit: 2026-08-01

## Professionele, Besigheids, Gemeenskap & Tegniese Dienste

**Kandidaat Prokureur** - Zeederberg Advisory Services Pty Ltd|Pretoria|Sluit: 2026-08-01

**Junior Assosiaat Prokureur** - KWV Ing|Val-De-Grace, Pretoria|Sluit: 2026-08-03

**Solidariteit: Litigant** (Algemene Litigasie-afdeling)- Solidariteit|Johannesburg|Sluit: 2026-08-07

**Legal Secretary** - Jacques Classen Prokureurs |Lynnwood, Pretoria|Sluit: 2026-08-07

**PROJECT DEVELOPMENT MANAGER** - The Recruitment Guy|Gauteng|Sluit: 2026-08-02

**Compliance Analyst** - Aspire Recruiting|Bloemfontein|Sluit: 2026-08-07

## Vervaardiging

**Service Centre Manager** (Material Handling Equipment)- The Recruitment Guy|Germiston (East Rand)|Sluit: 2026-08-02

**REPAIR & AFTERSALES AGENT** - The Recruitment Guy|Rustenburg|Sluit: 2026-08-06

**Junior Vuurwapen Holster Maker** - Daniel's Holsters|Hennopspark, Centurion|Sluit: 2026-08-02

## Vervoer, Logistiek & Lugvaart

**Logistics Coordinator** - All Star Placements|Stellenbosch|Sluit: 2026-08-01

**Operasionele- en Logistieke Kontrolleerder** (PTA)- J and A Admin | Pretoria | Sluit: 2026-08-01

**National Stock Controller** - Fin Select Personnel Pty Ltd|Midrand|Sluit: 2026-08-07

**Buyer / Expeditor / Project Coordinator** - VIP Metals PTY LTD|Alberton|Sluit: 2026-08-07

## Verkope, Komersiel en handel

**Bemarker / Verkoopspersoon** - CJN IT Solutions|Pretoria|Sluit: 2026-08-01

**Sales Consultant** - Urban Foods (Pty) Ltd|Johannesburg (Raumaraispark)| Sluit: 2026-08-05

**Motorvoertuig verkoopspersoon** - BB GROUP Suzuki Hatfield|Hatfield, Pretoria| Sluit: 2026-08-07

**Guarding Sales Consultant** - Emporium. Human Capital|Fourways, Sandton|Sluit: 2026-08-07

**Commercial Truck Sales Specialist** - The Recruitment Guy|Northern KZN (Amajuba District)|Sluit: 2026-08-06

**Bemarker / Verkoopspersoon** - CJN IT Solutions|Pretoria|Sluit: 2026-08-01

**Sales Consultant** - Urban Foods (Pty) Ltd|Johannesburg (Raumaraispark)| Sluit: 2026-08-05

**Motorvoertuig verkoopspersoon** - BB GROUP Suzuki Hatfield|Hatfield, Pretoria| Sluit: 2026-08-07

**Guarding Sales Consultant** - Emporium. Human Capital|Fourways, Sandton|Sluit: 2026-08-07

**Commercial Truck Sales Specialist** - The Recruitment Guy|Northern KZN (Amajuba District)|Sluit: 2026-08-06



Sportberigte saamgestel deur Liezil van der Schyff

# Swemmers hou weer SA-vaandel hoog by Statebondspele

Die Suid-Afrikaanse swemheld Chad le Clos het vandeesweek geskiedenis gemaak by die 2026 Statebondspele in Glasgow deur die suksesvolste atleet in die geskiedenis van dié byeenkoms te word.

Die 34-jarige kampioen het Woensdagaand saam met Pieter Coetzé, Michael Houlie en Ruard van Henen 'n bronsmedalje in die mans-4x100 m individuele wisselslagaflos verower. Dit was Le Clos se 21ste medalje by die Statebondspele, waarmee hy die Australiese swemlegende Emma McKeon se rekord van 20 medaljes verbygesteek het.

Sy indrukwekkende medaljeversameling bestaan nou uit sewe goue, vyf silwer- en nege bronsmedaljes oor vyf aflewerings van die Spele.

Le Clos het die oomblik as oorweldigend beskryf, maar sê hy was veral trots op die ondersteuning van sy familie en spanmaats. Hy het ook hulde gebring aan die Suid-Afrikaanse swemmers wat volgens hom alles gegee het en gehelp het om op sy nalatenskap voort te bou.

Teen saktyd het Suid-Afrika sesde op die medaljepunteleer gelê met 22 medaljes: ses goud, agt silwer en agt brons.S






# Cheetahs en Kavaliers bly onoorwonne

Ná twee rondtes van die Carling Curriebeker is die Toyota Cheetahs en die Sanlam Boland Kavaliers die enigste twee spanne wat onoorwonne is.

In die Eerste liga het die DotSure SWD Arende verlede naweek hul eerste titel sedert 2018 verower. Hulle het die Valke in George met 41-21 geklop nadat hulle rustyd met 19-14 voorgeloop het. Die Arende het ses drieë teenoor die Valke se drie gedruk.

In die Premierliga het die Toyota Cheetahs in Bloemfontein die Hollywoodbets Sharks XV met 43-21 geklop, nadat die telling teen rustyd gelykop met 14 elk was. Die tuisspan se Prince Nkabinde het 'n driekuns behaal, terwyl Faf de Klerk ook 'n drie gedruk het.

Die Fidelity ADT Lions het van die nederlaag in hul openingsrondte herstel om met 52-29 oor die Airlink Pumas in Johannesburg te seëvier. Die Lions het sewe drieë teenoor die Pumas se vier gedruk. Jarod Cairns het twee keer gaan druk, terwyl Latica Nela ook twee drieë gedruk het.

Die verdedigende kampioene, die Suzuki Griekwas, het ook hul veldtog op dreef gekry met 'n oortuigende 56-26-oorwinning oor die Vodacom Bulls XV in Kimberley. Die Griekwas het agt drieë gedruk, met Bobby Alexander wat 'n driekuns behaal het. Gurshwin Wehr het ook drie keer agter die doellyn gaan kuier, terwyl George Whitehead al agt drieë verdoel het.

Die Sanlam Boland Kavaliers het hul onoorwonne rekord behou met 'n reuse-41-3-sege oor die DHL Stormers in Wellington. Jayden Bantom was die uitblinker met 26 punte, nadat hy drie drieë, vier doelskoppe en 'n strafdoel behaal het.

Ná twee rondtes is die Cheetahs bo aan die punteleer met 10 punte, gevolg deur die onoorwonne Kavaliers op nege. Die Lions is derde met sewe punte, gevolg deur Griekwas (6), die Sharks XV (5), die Stormers (4), die Pumas (3) en die Bulls heel onder met een punt.

## Curriebeker Bepalings:

**Vrydag 31 Julie**

**19:00** Suzuki Griekwas teen Toyota Cheetahs XV

**Saterdag 1 Augustus**

**15:00** DHL Stormers teen Hollywoodbets Sharks XV

**17:05** Fidelity ADT Lions teen Vodacom Bulls

**Sondag 2 Augustus**

**15:00** Sanlam Boland Kavaliers teen Airlink Pumas





# HSBC Sewes- en Wêreldkampioenskap 2027-skedule bevestig

Wêreldrugby het die 2027 HSBC Sewesreeks en Wêreldkampioenskapskedule vroeër vandeesweek bevestig, met al die gasheerstede van 2026 wat weer in die volgende seisoen op die lys is. Die wêreldwye sewesreeks dien as 'n kwalifiseringsreeks vir die 2028 Olimpiese Spele in Los Angeles.

Die 2027-reeks sal weer Dubai, Kaapstad, Singapoer, Perth, Vancouver en New York besoek, waarna die Wêreldkampioenskap volgende jaar in Hongkong, Valladolid en Bordeaux beslis sal word.

Die aankondiging volg ná 'n suksesvolle 2026-seisoen waarin Nieu-Seeland se vrouespan en Suid-Afrika se manspan die Sewesreekstitels in New York verower het.



Australië se vrouespan en Suid-Afrika se manspan is daarna as wêreldkampioene gekroon.

Die 2026-seisoen het meer as 530 000 ondersteuners gelok, wat 'n toename van 21% teenoor 2025 is. Hongkong het ook 'n nuwe rekord vir 'n enkele dag opgestel met 41 457 toeskouers, terwyl die totale bywoning by die Kai Tak Sports Park 113 395 was.

## Sewes-reeks skedule

Dubai............ 28-29 November 2026
Kaapstad............ 5-6 Desember 2026
Singapoer......... 30-31 Januarie 2027
Perth...................... 6-7 Februarie 2027
Vancouver .................... 6-7 Maart 2027
New York................. 13-14 Maart 2027

## Wêreldkampioenskap-skedule:

Hongkong ...................9-11 April 2027
Valladolid.................. 21-23 Mei 2027
Bordeaux.................. 28-30 Mei 2027

# Gimnastiek Suid-Afrika vereer die beste

Gimnastiek Suid-Afrika het op Saterdag 25 Julie 2026 sy jaarlikse toekenningsgeleentheid by die federasie se hoofkantoor en nasionale opleidingsentrum in Centurion aangebied.

Atlete, afrigters, beoordelaars, beamptes en vrywilligers is vereer vir hul bydrae tot die sport die afgelope jaar. Volgens die president van Gimnastiek Suid-Afrika, Adele Heine, verteenwoordig die 2026-wenners agt dissiplines oor agt provinsies, wat wys dat uitnemendheid in Suid-Afrikaanse gimnastiek geen grense ken nie.

Van die belangrikste wenners sluit in:

- Akrobatiese Gimnastiek: Decota Phillips, Giselle Daniels en Crisabelle Truter is as Junior Gimnaste van die Jaar aangewys, terwyl Kenneth Hart en Anche Davidson die Seniortoekenning ontvang het.
- Aërobiese Gimnastiek: Mathabathe Maila en Samukelo Mokoana is as Jeuggimnaste van die Jaar aangewys, met Jahnica Woodman en Micah Abrahams as die Juniorwenners. Kutlwano Maine en Olebogeng Ntsolengoe is as die Seniorwenners vereer.
- Mans Artistieke Gimnastiek: Cadin Chester is die Junior Gimnas van die Jaar en Luke James die Seniorwenner.



- Ritmiese Gimnastiek: Jeanne-Marie Kitshoff en Stephanie Dimitrova het onderskeidelik die Junior- en Seniortoekennings ontvang.
- Touspring: Thabang Makara en Asemahle Nkotana is as Junior Gimnaste van die Jaar aangewys, terwyl Buyisile Hubela en Amogelang Mnguni die Seniortoekennings ontvang het.
- Vroue Artistieke Gimnastiek: Jana van Staden is die Junior Gimnas van die Jaar en Naveen Daries die Seniorwenner.
- Parkour: Damian Coetzee en Tyler Day is as Juniorwenners aangewys, met Thomas Ragget en Christine Lee as die Seniorwenners.
- Trampolien en Tuimel: Azrael Ferreira en Kayla Meyer is as Juniorwenners aangewys, terwyl Matthew Bosch en Leolin Petersen die Seniortoekennings ontvang het.

Die federasie het ook mense buite die kompetisie-arena vereer. Marianne van Lill is as die Administrateur van die Jaar aangewys, Patricia Ntlatleng as Amptenaar van die Jaar, met Mpho Nkwana en Anton Jordaan wat as die Vrywilligers van die Jaar aangewys is. Florence Cindi is as Opkomende Ster van die Jaar vereer.

Gimnastiek Suid-Afrika het al die wenners, naaswenners en benoemdes gelukgewens en hul toewyding geloof as 'n inspirasie vir die volgende generasie gimnaste.



# ROLBALDAG

**Datum: 7 Oktober 2026**
**Plek: Wingate Park Country Club**

*Skryf jou span vandag in!*

## Span van 4 spelers
## R4 000 per span
## Kos vir die dag ingesluit

Verwag hope vermaak, groot pret, lekker pryse en 'n onvergeetlike dag saam met vriende, kollegas en Pretoria FM-luisteraars.

Elke inskrywing help om die belangrike werk van liefdadigheid te ondersteun en 'n verskil te maak.

Luisteraars word uitgenooi om hul spanne nou in te skryf!

Vir meer inligting, stuur 'n e-pos na
adverteer@pretoriafm.co.za

Pretoria FM
hoop, glo, lééf in Afrikaans



# Nuwe SA20-seisoen begin met herhaling van 2026-eindstryd

Die vyfde seisoen van die Betway SA20 begin op Sondag 17 Januarie 2027, met ’n herhaling van die 2026-eindstryd, wanneer die Sunrisers Eastern Cape en Pretoria Capitals mekaar op St George’s Park in Gqeberha pak.

Aanhangers kan uitsien na vier Saterdae se agtereenvolgende wedstryde. Die eerste hiervan vind op 23 Januarie plaas, wanneer die Durban’s Super Giants die Pretoria Capitals op Kingsmead verwelkom, waarna die Joburg Super Kings en Sunrisers Eastern Cape later die aand op die Wanderers kragte meet. Verdere dubbelwedstryde volg op 30 Januarie, 6 Februarie en 13 Februarie.

Boland Park in die Paarl sal op 16 Februarie vir die eerste keer ’n uitspeelwedstryd aanbied, met die opeenvolgende uitspeelwedstryde wat op Wanderers in Johannesburg op 17 Februarie en 19 Februarie gespeel sal word.

Die SA20-eindstryd word op Sondag 21 Februarie vir die tweede agtereenvolgende jaar en die derde keer in die liga se geskiedenis by Nuweland in Kaapstad gespeel.

Kaapstad se burgemeester, Geordin Hill-Lewis, sê die stad is trots om weer die eindstryd aan te bied. Die SA20-reeks het volgens hom ’n belangrike plek op die land se sportkalender ingeneem en die eindstryd vind plaas in dieselfde jaar waarin die IKR Manskrieketwêreldbeker in die land aangebied gaan word.

Die SA20-kommissaris, Graeme Smith, sê die bekendmaking van die wedstrydprogram is ’n belangrike mylpaal voor die nuwe seisoen. Volgens Smith is daar geen beter manier om die vyfde seisoen te begin as met ’n herhaling van een van die opwindendste eindstryde in die kompetisie se geskiedenis nie.

## SA20 Seisoen 5-bepalings

| | | | |
|---|---|---|---|
| VS | 17 JAN | 15:30 SAST | ST GEORGE'S PARK |
| VS | 18 JAN | 17:30 SAST | BOLAND PARK |
| VS | 19 JAN | 17:30 SAST | CENTURION |
| VS | 20 JAN | 17:30 SAST | NEWLANDS |
| VS | 21 JAN | 17:30 SAST | KINGSMEAD |
| VS | 22 JAN | 17:30 SAST | NEWLANDS |
| VS | 23 JAN | 13:00 SAST | KINGSMEAD |
| VS | 23 JAN | 17:30 SAST | WANDERERS |
| VS | 24 JAN | 15:30 SAST | BOLAND PARK |
| VS | 26 JAN | 17:30 SAST | CENTURION |
| VS | 27 JAN | 17:30 SAST | KINGSMEAD |
| VS | 28 JAN | 17:30 SAST | ST GEORGE'S PARK |
| VS | 29 JAN | 17:30 SAST | BOLAND PARK |
| VS | 30 JAN | 13:00 SAST | ST GEORGE'S PARK |
| VS | 30 JAN | 17:30 SAST | WANDERERS |
| VS | 31 JAN | 15:30 SAST | CENTURION |
| VS | 02 FEB | 17:30 SAST | NEWLANDS |
| VS | 03 FEB | 17:30 SAST | WANDERERS |
| VS | 04 FEB | 17:30 SAST | NEWLANDS |
| VS | 05 FEB | 17:30 SAST | CENTURION |
| VS | 06 FEB | 13:00 SAST | KINGSMEAD |
| VS | 06 FEB | 17:30 SAST | BOLAND PARK |
| VS | 07 FEB | 15:30 SAST | WANDERERS |
| VS | 09 FEB | 17:30 SAST | ST GEORGE'S PARK |
| VS | 10 FEB | 17:30 SAST | WANDERERS |
| VS | 11 FEB | 17:30 SAST | BOLAND PARK |
| VS | 12 FEB | 17:30 SAST | CENTURION |
| VS | 13 FEB | 13:00 SAST | KINGSMEAD |
| VS | 13 FEB | 17:30 SAST | ST GEORGE'S PARK |
| VS | 14 FEB | 15:30 SAST | NEWLANDS |
| QUALIFIER 1 | 16 FEB | 17:30 SAST | BOLAND PARK |
| ELIMINATOR | 17 FEB | 17:30 SAST | WANDERERS |
| QUALIFIER 2 | 19 FEB | 17:30 SAST | WANDERERS |
| FINAL | 21 FEB | 15:30 SAST | NEWLANDS |